
# 253 Kom Skepper Gees besoek u Kerk




U is die Trooster wat ons lei, geskenk van God, wat by ons bly!
U, Lewensbron, van Bo gestuur, deurgloei ons met u liefdevuur!

Bestraal ons, bron van alle lig, en toon ons God se aangesig,
deur U geheilig, spreek ons mond, eer ons dade oral rond.

Gee helder lig aan ons verstand, en laat u liefde in ons brand;
ons self is nog so swak, ons wag; gee ons u sterkte en u krag.

Help ons die vyand teen te staan, in vrede op ons pad te gaan;
trek U as Leidsman voor ons uit, word alle bose mag gestuit.

Gee dat ons geest’lik helder sien, die Vader, Seun in waarheid dien,
o Gees, van albei uitgegaan, U’t ons kom troos, by ons kom staan.

Kom, Skepper Gees, besoek u kerk, U wat vernuwe, ons versterk;
vul self u skepping, heilig Gees, met krag op hierdie Pinksterfees.

Rabanus Maurus (9de eeu) verw. Martin Luther (1483-1546)